Ges. 119 : 1
" 120 : 3
" 119 : 11

Die donkerste Nag.

Mt. 26 : 36 - 46.

Lxt. 28 Mrt. 1943.

Mt. 26 : 39 - My Vader, as dit moontlik is, laat hierdie drinkbeker by My verbygaan; nogtans nie soos Ek wil nie, maar soos U wil.

Meer as 100 jr. gelede het op 'n kerkplaas in Wet. 'n innig vrome baas gewoon. Hy het d. gewoonte gehad om ten minste 1 maal per dag na Klofie agter sy huis te loop tot by 'n bos, om daar, waar niemand hom kan sien nie, neer te kniel & te bid. Eendag vra een v.d. jong slawe aan 'n ou: „Wat gaan maak ons oubaas elke dag daar in d. Klofie?" „Weet jy dan nie? Die oubaas gaan elke dag daar bid. Kom ek sal jou 'n ding gaan wys." Saam stap hulle m. d. voetpaadjie tot by die bos. Daar agter die bos wys hy hom twee holtes in grond & sê: „Sien jy hd. spore? Dis v.d. oubaas se knieë. Hier bid oubaas elke dag. Hy bid ook vir jou + my."

Albei gevoel dat hulle in 'n heiligdom was. Stil staan hulle & kyk. Eindelik sê ou slaaf: „Ons is nou hier. Sal ons nie ook bid nie?" Saam kniel hulle neer - elkeen m. sy een knie in 'n spoor. Saam bid hulle daar in die heiligdom v.d. natuur.

→ So voel ek altyd as ek staan voor Xt. se stryd in Geths.: dis 'n heiligdom waar u + ek eers moet neerkniel voordat ons iets dvn. kan verstaan. As ons nie in dd. gees nader nie, sal hd. nag van donkerheid in Xt. se lewe vir ons nooit iets kan beteken nie. // En selfs al sou ons ook in die gees Xt. se sielstryd in Geths. probeer benader sal ons maar op sy beste 'n baie flou begrip daarvan kry.

- En tog abs. noodsaaklik: wie nag nie Xt. se sielesmart in G. probeer deurgrond verstaan het nie, kan nooit hfs 'n Xten noem nie, durf nie waag om te praat asof Hy Xt. ken nie // As u nog nie Xt. in Geths. leer ken het nie, ken u Hom nog gladnie - besef u nie wat die kruis vir Hom mees gekos het nie.

I Die Lyding v. sy Sielesmart: Voordat ons iets van
Xt. se stryd kan verstaan moet ons 'n oomblikkie
die hele toneel voor ons sien; probeer verstaan wat
dit Xt. gekos het om dd. nag deur te gaan.
Hoewel ons nooit ten volle die diepte van ly-
ding & worsteling sal peil wat Xt. moes deur-
maak nie is daar tog sekere dinge in die
verslae v.d. Ev.e wat ons onmiskenbaar die hef-
tigheid & geweld v. d. sielestryd v. Xt. aandui.
Al die mededelings lig net die sluier op oor
hd. toneel: dis asof hulle almal besef het
hoe heilig dd. grond was & dd. uur.
① Xt. se innige behoefte aan die nabyhd v.d.
dis.s: „Bly hier & waak met My" So aan
die 3 verduidelik. Sou dit nie gedaen het as
daar nie in dd. oomblik brandende behoefte
was a.d. nabyhd v. d. 3 dissipels. Asof hulle
teenwoordighd alleen hom gesterk het! Hoe
eensaam, hoe bang moes Hy nie gewees
het nie! // En dit juis bewys sy innige mens-
likheid — soos u & ek in oomblik van angs,
benoudhd smag na d. sterke hand van 'n
vriend — so Xt. ook! //
Hoe nie gewis dd. nag! Tot 2 maal terug
om te sien of sy dis.s saam m. hom worstel-
aan die slaap! „Kan julle dan nie een uur
saam m. my gewaak het nie?"
② Sy herhaalde gebed: Teks. — Tot 3 maal
herhaal — bewys van ontsett. erns w/mee Hy
gebid het. Saak Hom so swaar op d.
hart gelê: versugting wat keer op keer
kom!
③ Benoudheid: „Worsteling", „bedroef & benoud,"
„verbaas & bang" „sweet soos druppels
bloed op die grond geval!" — Baie ont-
ken so iets nie moontlik. Wetenskap bewys.

II Die Oorsake v.d. Smart: Mr. w/aan hd. ontsett.
worsteling? Wat het dit tog teweeg gesit?
— Nodig om dit te verstaan, anders geen
helderheid oor die kruis.
① „Vrees vir lyding": Xt. bang vir die ligg.
pyn v.d. kruis, die lyding na liggaam.
Outeur: ① Ontsett. pyn, moes pynigende vorm v.
② Xt. alle lyding in ander gehinder, verhoed.
dood nr — Xt.? niks van dd. angs.
Dan was hy lafaard, dan minder moed &
krag as duisende martelare wat singend
op brandstapels, singend in leeuhokke,
triomferend op pynbanke gegaan het.
Nee, dis nie oorsaak: Xt. nie bevrees
vir d. lyding of pyn.
→ Ook nie vrees vir sielepyn van spot ens.
② Vrees vir dood: Baie se bewering: Xt.
bang vir d. dood. Wel waar: Xt. dood
as iets onnatuurliks beskou — nie pas in
die skepping. Mr. vrees? Hy wat self
mense uit d. dood opgewek het? Hy wat
net vantevore sy dis.s vertroos: Joh. 14:1, 2.!
③ Kense wat voor Hom lê: Kon een v. 2 dinge
doen: Kon weier om gekruisig te word —
of kon gewillig dit verdra. Mag oftoe
gehad: wat sou Hy doen?
a) Wanneer weier? Tog die Seun v. G., onskul-
dig, — w/om dan so ly & sterwe? Mos
nie verdien? Sy pynbeswaarde siel terug-
gedeins daarvoor: offer was te groot!
b) En as hy toelaat: — mens sy grootste mis-
daad volbring. Want as Hy sou toelaat dat
mense Hom kruisig hoe sou God dan
vergewe? En as Hy nie vergewe — wat
sal dan v.d. mens word?

III Die Vrug v.d. Stryd: So bid Hy: „Vader as dit u wil is ..." Wie sal wen?

① Die oorwinning behaal: As Hy derde maal opstaan alles rustig & stil: die storm het uitgewoed, die lug is helder & skoon. Nou kan kom wat wil – Xt. is gereed. Wat Hy aan Sy dis 's in d. O-vader gebed het, het Hy self volbring: „U wil geskied"

② Vergifnis verkry: As Xt. klaar gestry het weet Hy: Sy Vader, hoe onbegryplik, sal ook dit vergewe – die grootste sonde wat d. mens ooit kan begaan.

Almal aan u & my kan sê: Geen sonde, geen oortreding, geen misstap, geen ongeregtighd, onwaarhd, onreinhd – hoe groot ookal, wat O nie kan vergewe. Xt se oorwinning in Geths. het ons die wand. wghd kom leer: die pad na O staan altyd oop, kan nooit weer gesluit word nie! Hoogste toets aan O se liefde vir die mens was Golgotha!

③ Inspirasie gegee! Een of ander tyd moet u & ek ook deur Geths. gaan:

① Geths. van beproewing: siekte, lyding, smart, dood eie lewe of lewe ander. Dies. doodsnhd wanneer? dies. gebed!

② Geths. v. versoeking: My eie sin & wil, my eie weg, my eie sonde!

Weet dan dat u stryd, u lyding, u smart nooit swaarder, dieper & heftiger kan wees as dié v.d. Man van Smarte. Weet dan dat Hy ook u stryd, lyding, smart ken & saam worstel & ly as u bid: „Vader as dit u wil is

Amen.